basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**2022**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees AL die instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

## TEKS A: ARTIKEL

**ONS MORS TE VEEL KOS!**

*Sowat 10,2 miljoen ton kos gaan jaarliks in Suid-Afrika verlore in plaas daarvan dat dit leë mae vul.*

1 Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) het in 'n onlangse studie oor die omvang van voedselverlies in Suid-Afrika bevind dat Suid-Afrikaanse huishoudings te veel kos weggooi: 17% van olies en smaakmiddels en 14% elk van melk en graangewasse gaan verlore. In van die grootste stede gooi huishoudings jaarliks tussen 6 kg en 12 kg kos per persoon in vullishouers. Verbruikersvermorsing het die afgelope agt jaar van 5% tot 18% gestyg.

2 Die verbruiker is nie alleen skuldig nie: prof. Suzan Oelofse, hoofnavorser by die WNNR, sê 82% van voedselverlies vind plaas nog voordat dit die verbruiker bereik. 'n Gevallestudie ten opsigte van hierdie probleem, wat gedurende 2021 in Stellenbosch gedoen is, toon aan dat baie produkte op kleinhandelvlak verlore gaan. Die studiebevindings dui daarop dat produkte beskadig of bederf raak – tot soveel as 14% tamaties, 21% kool en ongeveer 18% wortels.

3 Verbruikersvermorsing verwys na kos wat vir menslike gebruik geproduseer is, maar dan weggegooi word. Produkte van hoë voedings- en pryswaarde word vermors en kan gewoonlik nie weer gebruik word nie. Dit is skokkend dat dié vermorsing in 'n groot mate geïgnoreer word.

4 Die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI) het dié nuutste navorsing van die WNNR gefinansier. Die doel daarvan was om wetenskaplike data en inligting oor kosverlies en -vermorsing in Suid-Afrika in te win. Die studie, gedoen tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2021, bou voort op navorsing tussen 2010 en 2015 oor kosvermorsing – tot nou toe die enigste nasionale, ekonomiese navorsingsdata hieroor in die land.

5 Volgens dr. Henry Roman, direkteur van omgewingsdienste en tegnologie by die DWI, was plaaslike wetenskaplike bewyse oor voedselverlies nodig. Daarmee wou hulle die regte optrede bepaal om die Verenigde Nasies (VN) se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te kan bereik. Die VN verwag van Suid-Afrika om teen 2030 die per capita-voedselvermorsing op kleinhandel- en verbruikersvlak te halveer.

6 Die WNNR-studie het baie interessante bevindings opgelewer. Te dikwels werk ys- en vrieskaste in winkels nie teen die regte temperatuur nie, wat tot verliese lei. Kragonderbrekings gee boonop aanleiding tot groot bederf. Verbruikers neem dikwels produkte uit koelkaste in winkels, maar wil dit dan nie meer koop

Kopiereg voorbehou 

nie en sit dit sommer op enige plek in die winkel neer met gevolglike groot verliese. Van die ander oorsake is swak padtoestande (wat produkte tydens vervoer laat kneus). Baie produkte het boonop 'n korter rakleeftyd omdat dit ver na markte vervoer word.

7 Te veel kos word dikwels voorberei of eters se smaak word nie in ag geneem nie. Veral restaurante, kitskosplekke, hotelle, koffiewinkels, kafeterias by skole, werksplekke en universiteite asook kombuise in tronke en hospitale is die groot skuldiges. Ongelukkig is doodgewone huishoudings ook aandadig. Ons koop, berei of bedien te veel kos. Ons koop dikwels produkte bloot omdat dit op 'n spesiale aanbieding is, maar gebruik dit nie. Daar vind verder baie vermorsing plaas wanneer produkte geskil of gekerf word. Wanneer die kos brand of te veel sout of verkeerde bestanddele bevat, is dit oneetbaar en word vermors. En moenie van fiemies vergeet nie!

8 Die WNNR sê kosvermorsing dra tot voedselonsekerheid by en is ook sleg vir die ekonomie en omgewing. Die hoeveelheid water wat uit oppervlakwater- en grondbronne onttrek word om kos gedurende 'n enkele plantseisoen (dus een jaar) in Suid-Afrika te produseer, laat 'n mens twee keer dink – dit is soveel soos die inhoud van 680 000 swembaddens van Olimpiese grootte of sowat 33% van die inhoudsvermoë van die Gariepdam!

9 Die WNNR en DWI doen, tereg, in hierdie verslag 'n beroep op ondernemings en huishoudings om minder kos te mors.

10 Hulle is van mening dat produsente (boere) hulle inkomstepotensiaal kán vergroot. Hoe? Hulle sal minder kos mors as hulle beter met potensiële markte kommunikeer oor wat en hoeveel om te lewer. Voorts kan hulle ander markte vind vir produkte (van 'n effens laer gehalte) wat deur topmarkte verwerp word. Kreatiewe produksietegnieke kan, byvoorbeeld, gebruik word om die skade aan produkte tydens die hantering en berging daarvan te beperk.

11 Handelaars kan plaaslike produsente ondersteun en so die vervoerafstand beperk. Pryse van produkte wat na aan die vervaldatum is, kan verlaag word om dit makliker te verkoop en kos wat nie betyds verkoop of gebruik word nie, kan aan behoeftiges geskenk word.


12 Verbruikers kan hul deel doen deur beter te beplan, net die nodige te koop, net genoeg kos voor te berei en kos te bêre sodat dit so lank moontlik vars bly.

13 <u>Koester die oorskiet</u>, sê die *Sustainable Development Goal Fund*. As jy te veel kos gekook het, bevries 'n porsie vir later of gebruik dit die volgende dag in 'n nuwe gereg. Bestel eerder 'n halwe porsie van jou gunstelinggereg by 'n restaurant of vra vir 'n woefkardoes as iets oorbly.

14 Dis onmoontlik om alle kosvermorsing uit te skakel, maar 'n komposhouer vir skille is 'n goeie, bekostigbare begin. Daarmee versag jy die klimaatimpak en jy herwin voedingstowwe waarvoor jou tuin dankbaar sal wees.

[Verwerk uit *Rapport*, 5 September 2021]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




***Ingevoerde kos uitgesluit** [Verwerk uit *Beeld*, 8 Februarie 2018]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Herlees die opskrif en die subtitel.

1.1.1 Watter woord in die subtitel sluit by "mors" in die titel aan? (1)

1.1.2 Wat wil die skrywer met die gebruik van die uitroepteken in die titel bereik? (1)

1.1.3 Watter aanklag lê in die subtitel opgesluit? (1)

1.2 Dink jy die insluiting van die statistiek in paragraaf 1 en 2 is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

1.3 Waarom tref navorsers onderskeid tussen *voedselverlies* en *verbruikersvermorsing*? Gee uit paragrawe 2 en 3 DRIE redes waarom "verbruikersvermorsing" kommerwekkend is. (4)

1.4 Herlees paragraaf 4.

Hoe verskil die navorsingsveld van die twee studies waarna in paragraaf 4 verwys word én waarom kan daar aanvaar word dat hierdie studies betroubaar is? (2)

1.5 Hoe het Suid-Afrika se internasionale verantwoordelikheid tot die nuutste WNNR-studie oor kosvermorsing bygedra? (1)

1.6 Op watter DRIE maniere, volgens paragraaf 6, kan die verlies aan produkte tydens die verspreiding en verkoop daarvan voorkom word? (3)

1.7 Dink jy Suid-Afrika het rede om oor voedselsekerheid bekommerd te wees? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Die verwysing na die swembaddens van Olimpiese grootte in paragraaf 8 is nutteloos.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Waarom is dit effektief om die sin in paragraaf 9 in 'n afsonderlike paragraaf te isoleer? (1)

1.10 Op watter DRIE maniere is die WNNR-studie vir produsente voordelig? (3)

1.11 Wie, dink jy, is na aanleiding van dié teks die TWEE belangrikste sondebokke wat kosvermorsing en -verlies betref? (2)

1.12 Herlees die onderstreepte sinsdeel (paragraaf 13).

Is die inligting in TEKS A voldoende om dié oproep te regverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Vergelyk die verbruiker se aandeel ten opsigte van kosvermorsing met dié van boere gedurende 'n plant- en oesseisoen.

1.13.1 Dink jy dit is geregverdig om af te lei dat die verbruiker minder skuldig as die boere is? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13.2 Hoekom is hierdie inligting oor boere ironies? (1)

1.14 Geld die statistiek in TEKS B vir alle kos wat in Suid-Afrika verbruik word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Waarom is 'n sleutel (met verduideliking) onderaan TEKS B onnodig? (1)

**VRAAG: TEKS A EN B**

1.16 Watter sektor in TEKS B hou verband met paragraaf 7? Sê ook watter raad in paragraaf 14 gegee word om die impak van voedselvermorsing te verminder. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE voordele van koffie**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**SKINK DIE KOFFIE**

*Hierdie Afrikakind is die gewildste drankie ter wêreld. Van die begin af wou almal weet: Is dit gesond? Dit ís! Die lys voordele rek daagliks! Daar is net een kafeïenprobleem: jou cholesterol.*

Koning Gustaf III van Swede was tussen 1746 en 1792 een van die eerste mense wat wou vasstel of koffie gesond is. 'n Sweedse tweeling wat ter dood veroordeel is, het hom dié blink plan gegee: eerder as teregstelling is hulle tot koffie gevonnis! Sowaar.

Die een moes vir die res van sy lewe elke dag drie potte koffie drink en die ander een drie potte tee. Twee ervare gryskopdokters het hulle lewenslank gemonitor, elke kleinste besonderheidjie oor hulle vonnis is met groot noukeurigheid neergeskryf. Die bitter ironiese wending? Albei dokters en die nuuskierige koning het die tydelike met die ewige verwissel lank voordat die resultate van die koffiestraf duidelik geformuleer kon word! Hoe lank die gevonniste twee broers nog gelewe het, is onbekend; hulle was diep dankbaar dat hulle 'n voortydige dood vrygespring het, want hulle het baie langer gelewe as wat verwag is!

'n Onlangse AARP-dieetstudie het bevestig wat die Sweedse koning so graag wou weet: Koffie hét baie voordele.

Koffiedrinkers kry baie minder ernstige hartverwante siektes as koeldrankdrinkers. Beendigtheid wat 'n belangrike bonus vir ouerwordende seniors is, verbeter opvallend. Kafeïen verbeter boonop 'n mens se totale ingesteldheid teenoor die lewe deur endorfiene – die sogenaamde goedvoelhormone – in jou brein los te laat.

Koffie, volgens die genoemde studie, versnel ook jou metabolisme wat, veral in Suid-Afrika, talle swaargewigmanne en -vroue help met beter gewigbeheer. Indien koffie oordeelkundig gebruik word, maak dit jou reaksies op die sportveld vlymskerp én gee jou 'n veel beter uithouvermoë as sportfanatici wat op water leef! Selfs selfdood is heelwat minder onder koffiedrinkers – soos 'n studie wat onder 86 626 verpleegsters gedoen is, aangedui het.

Diterpene in koffie, wat cholesterol ongelukkig by enkele mense opvallend verhoog, kan (met groot moeite) uit koffie filtreer word om verhoogde cholesterol teë te werk. Jou nuwe groen bewustheid en kommer oor gesondheid hoef jou, gevolglik, nie van koffie te vervreem nie!

Oorweldigend positief is die nuus dat koffiekapitaal steeds vir Afrika én die wêreld meer voordele as nadele inhou!

[Verwerk uit *Rooi Rose*, Julie 2015]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




**'n Goeie aanbod verdien jou aandag, ongeag.**

- Met 'n maksimum diensprys is jou tydsberekening onverbeterlik om die mense wat jou motor vervaardig het, te vertrou met jou motor se (D)diens.
- By Volkswagen Diens maak ons bekwame deskundigheid, kwaliteitonderdele en toonaangewende kliënte 'n wesenlike verskil.
- Bring jou motor tuis na waar alles begin het en hou jou Volkswagen 'n Volkswagen.
- Kontak jou naaste handelaar vir meer inligting.

**Niemand ken jou Volkswagen so goed soos ons nie!**

**VOLKSWAGEN DIENS**

Das Auto.

[Verwerk uit *Weg*, November 2014]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Watter verandering ten opsigte van die posisie van die opskrif (reël 1) sou jy aanbeveel sodat die opskrif prominenter vertoon? (1)

3.2 Op watter manier kan die kopieskrywer die inligting wat by visuele uitbeelding **B** voorkom, beklemtoon? Hoe versterk visuele uitbeelding **A** die boodskap van die advertensie? (2)

3.3 Dink jy visuele uitbeelding **B** dra by tot die geslaagdheid van die advertensie? Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Wat bereik die advertensie met die skryfwyse van "(D)diens" in reël 3? (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

Watter EEN van die volgende oorredingstegnieke word NIE in reëls 4 tot 5 gebruik NIE?

A Oordrewe gebruik van byvoeglike naamwoorde
B Persoonlike aanspreekvorm van die leser
C Omgekeerde woordorde
D Emotiewe woordgebruik (1)

3.6 Vervang die voegwoord in reël 6 met 'n gepaste leesteken. Skryf die hele sin oor. (1)

3.7 Gebruik "goed" in die vetgedrukte slagspreuk (reël 9) as 'n attributiewe byvoeglike naamwoord in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

3.8 Watter ontbrekende inligting in reël 8 verhinder die kliënt om dadelik tot aksie oor te gaan? Watter simbool onderaan die advertensie bevestig dat die teikenleser die adverteerder kan glo? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit https://www.dailymaverick.co.za]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Watter visuele aanduiding demonstreer die klank in RAAMPIE 1? (1)

4.2 Hoe word mense wat van deur tot deur gaan, gestereotipeer? (1)

4.3 Herlees RAAMPIE 3 en RAAMPIE 5.

Gee die geïmpliseerde betekenis wat in hierdie vrae na vore kom én dui aan hoe die vraag in RAAMPIE 5 meer intens gevra word. (2)

4.4 Dink jy die invoeging van die woorde "HOP! HOP! HOP!" in RAAMPIE 7 is noodsaaklik? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Hoe verskil die visuele impak van die woorde in RAAMPIE 1 van dié in RAAMPIE 8? (1)

4.6 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

Watter klankverskynsel kom in die onderstreepte woord in RAAMPIE 9 voor?

A Diftong
B Elisie
C Assimilasie
D Kontaminasie (1)

4.7 Herlees RAAMPIE 10.

Gee die konnotatiewe betekenis van die woorde binne konteks van die spotprent. Hoe word die misnoeë van die vrou aan die linkerkant uitgebeeld? (2)

4.8 Gebruik die teenwoordige deelwoord van die ondersteepte woord in RAAMPIE 10 in 'n verklarende sin van jou eie. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**NAMAKWALAND, MOOIE SKILDERY VAN BLOMME**

*Anena Burger*

1 Namakwaland het vanjaar sy kleurvolste kwas en palet in baie jare opgediep, (5.1) ... oral waar jy kyk, is 'n skildery van veldblomme te sien. In en om Nieuwoudtville en Calvinia lyk dit asof kinders met emmersvol verf deur die veld gedraf en die kleur vryelik die vlakte vol gespat het.

2 Vir etlike kilometers ver kan jy die plate geel, pers, oranje en sommer deurmekaar kleurspatsels soos 'n vrolike abstrakte tapyt aanskou. Die veldblomme kan van ver of naby besigtig word, want daar is geen enkele komposisie wat uitgesonder kan word nie. (5.2) Dit sal jou verwonderde asem lag-lag wegslaan.

3 Mense (5.3) van oor die hele land het die natuur kom indrink. Die veld skree "nuwe lewe" en almal wil 'n slukkie uit die beker drink. So asof dit 'n bietjie genesing midde-in die Covid-19-pandemie bring.

4 Dis asof die Karoo vanjaar, ondanks sy swaar (5.4) lyding met 'n droogte van agt jaar, die beker van hoop en lewe na vuisvoos en terneergedrukte Suid-Afrikaners wil aangee en sê: (5.5) "Dè, hê 'n bietjie troos. Dié swaar tye sal ook weer oorwaai."

5 Dis inderdaad salf vir 'n moeë siel.

6 (5.7) **Die werfhoenders skrop tussen die gousblomme en vygies dat die stof so staan.** Die (5.6) handjievol ooie en lammers wat sommer in die huiskampies in die dorp staan, wei dat die sop so spat tussen die glansogies.

7 Ten slotte, dit is 'n prentjie van geborgenheid wat net nie volkome met 'n (5.8) kamera vasgevang kan word nie, al klik-klik dit oral om jou.

[Verwerk uit *Die Burger*, 4 September 2021]

5.1 In sin 1 van paragraaf 1 is 'n veelvuldige sin gebruik. Gee slegs die ontbrekende voegwoord. (1)

5.2 Bestudeer die onderstreepte sin in paragraaf 2.

Skryf die sin in die lydende vorm oor en dui ook aan waarom die gebruik van die bywoord in dié sin effektief is. (2)

5.3 Brei die onderstreepte byvoeglike bepaling in paragraaf 3 tot 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die sin volledig uit en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy gebruik. (1)

5.4 Gebruik die homofoon van die onderstreepte woord in paragraaf 4 in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

5.5 Herlees paragraaf 4.

Skryf die intensiewe vorm in paragraaf 4 neer en sê of die informele aard van die onderstreepte sin gepas is. Motiveer jou antwoord. (2)

5.6 Waarom is "handjievol" (paragraaf 6) en "emmersvol" (paragraaf 1) binne konteks antonieme? (1)

5.7 Skryf die vetgedrukte sin in paragraaf 6 in die toekomende tyd oor. (1)

5.8 Gee die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in paragraaf 7. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1.1 | "verlore" ✓ | 1 |
| 1.1.2 | Die skrywer wil die leser vermaan/waarsku om minder kos te mors./aandui dat hy emosioneel oor die implikasies van kosvermorsing is./<br>Die skrywer wil die erns/kommer/belangrikheid van die kosvermorsing beklemtoon. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.1.3 | Alhoewel daar mense is wat honger ly, gaan eetbare kos verlore./'n Mens verwag dat eetbare kos onder noodlydendes/honger mense versprei sal word, maar dit word weggegooi./Baie kos word geproduseer, maar tog is daar baie mense wat honger ly./<br>Mense mors kos./Ons is onverantwoordelik deur kos te mors. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | Ja<br>Dit dra by tot die geloofwaardigheid van die inligting./<br>Dit dui die omvang van die kosvermorsing aan./<br>Dit toon watter sektor die meeste tot kosvermorsing bydra./<br>Die statistiek ondersteun die inligting in die titel./subtitel./paragraaf 1./<br>Dit beklemtoon dat dit feite en nie menings is nie./<br>Die oog van die leser fokus makliker op syfers as op woorde wat die inligting ondersteun.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die datum word nie by al die statistiek genoem nie, wat veroorsaak dat dit nie noodwendig geloofwaardig/aktueel is nie./<br>Daar word genoem dat van die inligting uit 'n vorige studie is, wat beteken dat die statistiek verouderd kan wees./kon verander het./nie meer van toepassing is nie./<br>Dit is nie werklik noodsaaklik om te weet watter sektor bydra tot die vermorsing nie, want die fokus moet val op die feit dat daar wel vermorsing is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.3 | Navorsers maak met dié onderskeid seker dat die publiek die omvang van kosverlies in Suid-Afrika besef./<br>Navorsers beklemtoon daarmee hulle werk is volledig./omvangryk./sluit elke aspek van kosvermorsing in./<br>Navorsers tref onderskeid, omdat albei te make het met kosvermorsing, hoewel dit nie presies dieselfde beteken nie./<br>Die onderskeid is om aan te toon dat die verbruiker nie alleen verantwoordelik is vir die probleem/skuldig is nie./<br>Voedselverlies dui op voedsel wat bederf raak/beskadig word en verbruikersvermorsing dui op verbruikers wat die voedsel weggooi wat hulle nie wil gebruik nie, dus is dit nodig vir navorsers om te onderskei dat verskillende vorms van verlies in albei areas plaasvind. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die produkte is van hoë (voedings-/prys-)waarde./duur./<br>Die produkte kan nie heraangewend word nie./<br>Die vermorsing kan voorkom word./<br>Die vermorsing word geïgnoreer./<br>Te veel/Baie produkte (tot soveel as 4% tamaties, 21% kool en ongeveer 18% wortels) gaan verlore. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | Die studie in April 2018 tot 31 Maart 2021/nuutste navorsing handel oor kosverlies én -vermorsing/ook oor kosverlies, terwyl die navorsing tussen 2010 en 2015 net oor kosvermorsing handel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die studie is wetenskaplik gedoen./lewer bewyse/statistiek dat daar ernstige probleme in die bedryf bestaan./<br>Die nuwe studie is deur die Departement van Wetenskap en Innovasie gefinansier./<br>Die (eerste/vroeëre/vorige) navorsing tussen 2010 en 2015 berus op die enigste nasionale ekonomiese navorsingsdata in die land./<br>Albei die studies is baseer op wetenskaplike data./navorsing. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.5 | Omdat Suid-Afrika_minder kos moet mors (volgens die eis van die VN), moes ons uitvind wat die beste/korrekte manier is om aan die VN se eis te voldoen./voedselvermorsing te verminder./<br>Suid-Afrika wou daarmee die regte optrede bepaal/bepaal hoe te werk gegaan moet word om aan die VN se eis te voldoen. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.6 | Ys- en vrieskaste kan/moet op regte temperatuur gehou word./<br>Die nadelige effek van kragonderbrekings moet verminder word./<br>Verbruikers moet produkte wat hul uit koelkaste haal óf koop, óf in yskaste terugpak./<br>Die handelaar(s) moet plaaslike produkte ondersteun./<br>Produkte moenie so ver na markte vervoer word nie./<br>Padtoestande kan verbeter word. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.7 | Ja<br>Weens die bevolkingsgroei/landboutoestande/droogte/veldbrande/armoede/wanvoeding/werkloosheid ervaar Suid-Afrika reeds geweldige kommer oor voedseltekorte./<br>Te veel kos, wat kan help om voedseltekorte teë te werk, word vermors./gaan in Suid-Afrika verlore./<br>Voedselvermorsing is nadelig vir die omgewing./ekonomie. ✓<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar word genoeg kos geproduseer (wat beskikbaar sou wees indien dit nie vermors word nie). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.8 | Ja<br>'n Mens kan nie regtig 'n idee vorm van die hoeveelheid water wat ter sprake is nie./ Die feite oor die Gariepdam wat daarna gegee word, gee dieselfde inligting.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dit bring die omvang van die watergebruik onder die aandag van die leser./<br>Dit gee vir die leser 'n beter idee van hoeveel water gebruik word./<br>Die leser kom onder die indruk dat hy nie kos moet vermors nie, aangesien daar 'n groot hoeveelheid water onttrek word om die kos te produseer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.9 | Die isolering hef die belangrike versoek/mededeling/oproep uit./beklemtoon dat die titel van die teks nou ter sprake is./ondersteun die besonderhede (oor kosvermorsing) wat reeds gegee is, met 'n versoek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.10 | Produsente kan die inligting tot hulle voordeel gebruik./<br>Produsente hoef nie self die belangrike data te probeer invorder nie./<br>Boere weet nou wat die probleme is./<br>Beter kommunikasie met potensiële markte kan boere bevoordeel./<br>Hulle kan hul inkomstepotensiaal verhoog./<br>Ander markte kan deur produsente gesoek/gevind word (vir produkte van effens laer gehalte/wat deur topmarkte verwerp word)./<br>Ander produksietegnieke kan oorweeg/uitgedink word./<br>Beskadiging van produkte tydens hantering/berging kan beperk word. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.11 | Boere/produsente/vervaardigers/<br>Verbruikers/huishoudings/<br>(Klein-)handelaars ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Indien die kandidaat verskeie verbruikers opnoem, verdien hy/sy net EEN punt.* | 2 |
| 1.12 | Ja<br>In die teks word bewys dat ons te veel kos mors (wat hergebruik moet/kan word.)/<br>Die ontwikkelingsdoelwitte van die VN sluit by dié oproep aan (nl. om te "koester" eerder as te vermors)./<br>Die teks bewys dat voedselvermorsing/-verlies ernstige afmetings aanneem./<br>Die teks plaas oorskietkos se herwaardering/hergebruik in die kollig./<br>Die teks/subopskrif noem dat te veel mense in Suid-Afrika honger ly./<br>Die teks noem dat dit noodsaaklik is om oorskietkos vir honger mense te hergebruik.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar word te min inligting oor die omvang van hongerlydendes in Suid-Afrika gegee./<br>Die klem word in Teks A op algemene voedselverliese en 'n vermorsing waarvan oorskiet slegs 'n klein gedeelte uitmaak, geplaas./<br>Die grootste verlies vind plaas voordat dit die verbruiker bereik. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13.1 | Ja<br>Die verbruiker is vir minder vermorsing verantwoordelik./<br>Die boer se aandeel is 5,1 miljoen ton/astronomies/skokkend omvangryk, terwyl die verbruiker maar vir 0,5 miljoen ton se vermorsing verantwoordelik is. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.13.2 | Die boer/boere behoort/is veronderstel om verantwoordelik vir voedselsekerheid in die land te wees; daarom is dit ontstellend dat hulle die grootste vermorsers is./<br>Aangesien boere gesteld is op 'n goeie inkomste, sou 'n mens verwag dat hulle soveel moontlik produkte wil verkoop, en nie vermors nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.14 | Nee<br>Dit geld slegs vir kos/produkte wat in Suid-Afrika verbou/gekweek/geoes word./<br>Die asterisk dui duidelik aan dat ingevoerde kos uitgesluit is by die statistiek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.15 | Die inligting is maklik/logies aangebied./<br>Die soort grafiek maak dit maklik om die segmente met die teks/woorde/verduideliking bymekaar te bring./<br>Geen simbole/kodes word in die illustrasie gebruik nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.16 | Die verbruikerstadium ✓<br><br>**EN**<br><br>Skaf 'n komposhouer aan./Gebruik 'n komposhouer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | **TOTAAL: AFDELING A** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs voordele wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie.
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Hartverwante siektes kom baie minder by koffiedrinkers as by koeldrankslawe voor en koffiedrinkers lewe langer. Koffiedrinkers se beendigtheid toon ook beduidend min tekens van veroudering. Koffie stimuleer die koffiedrinker se goedvoelhormone in die brein wat hom/haar gelukkiger maak. Dié drankie versnel boonop die koffiedrinker se metabolisme./dra by tot beter gewigbeheer. En asof dit nie genoeg is nie, verbeter dit 'n koffiedrinker se reaksies op die sportveld. Koffie gee jou boonop 'n sterker uithouvermoë. Daar is ook bewys dat koffiedrinkers minder selfdood pleeg.

**[Getal woorde: 78]**

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Koffiedrinkers kry minder ernstige hartverwante siektes as koeldrankdrinkers.* | A | Hartsiektes/Lewensgevaarlike siektes wat hartverwant is, kom minder by koffiedrinkers voor. |
| 2 | *... want hulle het baie langer gelewe as wat verwag is!* | B | Koffiedrinkers word ouer. |
| 3 | *Hulle beendigtheid ... verbeter opvallend ...* | C | Koffiedrinkers se beendigtheid verbeter aansienlik. |
| 4 | *Kafeïen verbeter boonop 'n mens se totale ingesteldheid teenoor die lewe deur endorfiene – die sogenaamde goedvoel-hormoon – in jou brein los te laat.* | D | Koffie stimuleer die koffiedrinker se goed-voelhormone in sy/haar brein wat hom/haar gelukkiger laat voel./Koffie het 'n positiewe invloed op jou breinfunksies. |
| 5 | *Koffie … versnel ook jou metabolisme wat … bydra tot beter gewigbeheer.* | E | Koffie versnel jou metabolisme wat gewigbeheer vergemaklik./Deur koffie te drink, maak jy jou gewigbeheer makliker. |
| 6 | *… maak dit jou reaksies op die sportveld vlymskerp …* | F | Koffie verbeter jou reaksies (op die sport-veld)./maak jou reaksies (op die sportveld) flink en vinnig. |
| 7 | *… én gee jou 'n veel beter uithouvermoë as sportfanatici wat op water leef.* | G | Koffie laat jou langer uithou. |
| 8 | *Selfs selfdood is heelwat minder onder koffiedrinkers …* | H | Minder koffiedrinkers pleeg selfdood. |
| | | | **Getal woorde: 69** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde moet korrek gemerk word, selfs as die spelling verkeerd is, behalwe as die fout die betekenis van die woord verander.
  - In volsinantwoorde moet foutiewe spelling gepenaliseer word, indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die opskrif kan bo die visuele uitbeeldings geplaas word./<br>Skei die opskrif deur 'n spasie voor die teks te plaas. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.2 | Visuele uitbeelding B se woorde kan op wit gedruk word om beter/duideliker sigbaar te wees./<br>Die inligting op die plakkaat/bord kan groter aangebied word./<br>Die man wat die inligtingsbord vashou, kan meer op die voorgrond geplaas word./<br>Die inligting gemerk "B" kan in 'n groter font/lettertipe gedruk word./<br>Kolpunte sal help om al die belangrike inligting beter uit te lig. ✓<br><br>**EN**<br><br>Indien jy van die aanbod gebruik maak, gaan jy gelukkig met jou motor wees net soos wanneer jy 'n ring sou ontvang./<br>Indien jy van VW se aanbod gebruik maak, sal jy geld spaar wat jy vir spesiale oomblikke/geskenke/verrassings kan aanwend./<br>Indien jy van VW se aanbod gebruik maak, het jy 'n lewenslange verbintenis met VW (soos met 'n huwelik)./<br>'n Aanbod om verloof te raak/te trou, moet goed deurdink word – net soos VW se aanbod om jou voertuig te diens. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | Nee<br>Visuele uitbeelding B is te ver op die agtergrond/te klein/oninteressant/onvanpas binne die strandmilieu./<br>Die leser moet 'n doelbewuste poging aanwend om die inhoud te lees./sukkel om die inligting te lees as gevolg van die bord se kleur./<br>Hier word net voorsiening gemaak vir petrolmodelle./Dieselmodelle word uitgesluit.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Die inligting op die plakkaat is 'n samevatting van VW se spesiale aanbod./<br>Die pryse wat adverteer word, is verrassend bekostigbaar./dui op 'n verrassende besparing./<br>Die verkoopsman in sy netjiese klere, staan uit teen die agtergrond van die strand./<br>Hy lyk ingenome, omdat hy hom nie oor die diens hoef te bekommer nie./<br>Selfs met sy werksklere voel dit vir die verkoopsman soos vakansie, omdat hy hom nie oor die diens hoef te bekommer nie./<br>Die man lyk soos ‘n tipiese motorverkoopsman wat die paartjie onderbreek met sy spesiale diensaanbod wat ook die leser se aandag verdien. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.4 | Dit maak dit vir die leser moontlik om die gewone werkwoord "diens" te lees, terwyl dit dadelik die "Volkswagen Diens" onderaan die advertensie beklemtoon./<br>Dit dien 'n tweërlei doel: "diens" sowel as die adverteerder se naam "Volkswagen Diens" word nou die fokus./<br>Dit beklemtoon die naam sowel as die produk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na albei dele van die antwoord vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 3.5 | B/persoonlike aanspreekvorm van die leser ✓ | 1 |
| 3.6 | Bring jou motor tuis na waar alles begin het; hou jou Volkswagen 'n Volkswagen. ✓ | 1 |
| 3.7 | Jou goeie dade sal nog beloon word./<br>Julle ry werklik met goeie Volkswagens. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.8 | Die kontakbesonderhede (van die (naaste) handelaar/selfoon-/telefoon-/faksnommer/ e-posadres ontbreek). ✓<br><br>**EN**<br><br>Die regmerkie suggereer dat die teikenleser/hy/sy nie 'n fout maak om 'n Volkswagen-handelaar te kies nie./<br>Die handeskudsimbool skep die idee van 'n ooreenkoms wat gesluit word./<br>Die VW-embleem/Das Auto skep die idee van 'n jarelange verbintenis./mense se kennis van/vertroue in die VW-produkte./VW is 'n betroubare handelsmerk./<br>Die vergrootglas skep die indruk dat die diens van VW onder die vergrootglas geplaas word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die musieknoot/bewegingstrepie dui die klank aan./<br>Die woorde "TRIENG-TRIENG" word van klein na groot geskryf om klank aan te dui. ✓ | 1 |
| 4.2 | Hulle bedel altyd./vra altyd geld./aanvaar nie nee vir 'n antwoord nie. ✓ | 1 |
| 4.3 | Hy/Sy is oënskynlik geïnteresseerd in hulle gesprek./nuuskierig om meer te wete te kom./<br>Hy/Sy mag dalk sarkasties wees./skepties voel./bevooroordeeld wees teenoor die mense wat teen inentings gekant is./<br>Daar word geïmpliseer dat hy/sy nie saamstem met die gaste wat teen inentings gekant is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die hoofletters/vetdruk (in raampie 5 toon aan dat hy nog meer geïnteresseerd is./verwonderd is./begin twyfel./skeptieser is as in raampie 3./harder praat). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.4. | Ja<br>Dit ondersteun die springbeweging./dra by tot die humor.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is bewegingslyne wat die woorde onnodig maak./Die leser kan duidelik sien dat die man spring, want sy voete raak nie die grond nie./Die vliegaksie met die arms skep die idee dat die man spring. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | In raampie 1 word die indruk geskep dat die klank sag begin en harder word, terwyl die klank in raampie 8 slegs een harde klank is./<br>In raampie 1 dui dit op hoflikheid,/vrolikheid, terwyl raampie 8 dui op onbeskoftheid./ hardheid./onbelangstellendheid./woede./minagting. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide dele van die verskil vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6 | C/assimilasie ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.7 | Gee pad!/Ek gaan my nie deur julle laat beïnvloed nie./<br>Trap!/Maak dat julle wegkom!/Ek wil niks met julle petisie te doen hê nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat hoef die antwoord nie in bevelvorm aan te bied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Die onderste deel van haar gesig het verdwyn./<br>Dit lyk of sy haar mond op 'n piepklein tuitjie trek./<br>Haar oë is besonder groot./<br>Die vrou rol haar oë./<br>Haar oë is half toe. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord/omskrywing vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.8 | Vlieënde visse veroorsaak dat mense op die plek toesak./<br>Die vlieënde piering het groot konsternasie veroorsaak./<br>Die spookskip, die Vlieënde Hollander, gryp mense se verbeelding aan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet die woord <u>vlieënde</u> korrek spel.* | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | want/en ✓ | 1 |
| 5.2 | Jou verwonderde asem sal lag-lag (daardeur) weggeslaan word./<br>Jou verwonderde asem sal (daardeur) lag-lag weggeslaan word. ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit beskryf hoe die werkwoord "wegslaan" uitgevoer sal word./<br>Die woord "lag-lag" sluit by "verwonderde asem" aan om die verstomming/verbasing (wat die toeskouer sal ervaar)/hoe maklik dit sal wees te beklemtoon./<br><br>Dit dui op die vreugde wat die besoeker sal ervaar (wanneer sy/haar asem weggeslaan word)./<br>Dis 'n emotiewe woord wat mense wil oorreed om na die mooi veldblomme te kom kyk./<br>Dit suggereer die emosies wat die mooi "skildery" by die mens sal aanwakker. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 5.3 | Mense <u>wat van oor die hele land kom</u>, het die natuur kom indrink./<br>Mense <u>wat van oor die hele land gekom het</u>, het die natuur kom indrink. ✓<br><br>*Die kandidaat moet 'n komma tussen die twee gesegdes invoeg.* | 1 |
| 5.4 | Jou ouers gee aan jou die nodige leiding oor die lewe./<br>Ek gee my aan jou leiding oor./<br>Onder leiding van die bestuur het ons die projek suksesvol uitgevoer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.5 | vuisvoos ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die woorde is oortuigend omdat dit deel is van streekstaal./<br>Die informele woorde sluit aan by die trant van die artikel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.6 | "handjievol" beteken baie min, terwyl "emmersvol" die teenoorgestelde daarvan, naamlik baie, beteken. ✓ | 1 |
| 5.7 | Die werfhoenders sal/gaan tussen die gousblomme en vygies skrop dat die stof so staan. ✓ | 1 |
| 5.8 | kameratjie ✓<br><br>*Die kandidaat moet die woord <u>kameratjie</u> korrek spel.* | 1 |
| | | **10** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

*Kopiereg voorbehou*